

DEUR entoesiastiese deelname aan die projek om een van Bloemfontein se oudste apteek vir die nageslag te bewaar, het die Vrystaat-tak van die Aptekersvereniging van Suid-Afrika hierdie langgekoesterde ideaal van die Nasionale Museum help bewaarheid. Ruim finansiele bydraes deur lede van die Vereniging het dit moontlik gemaak dat die bekende Winterburn-apteek, wat tot onlangs nog te Kerkstraat 58 sake gedoen het nou as 'piece de resistance' pryk in die straattoneel op die eerste verdieping van die Museum.

Hierdie apteek dateer uit die vroegste jare van die eeu. Dr. A. Flockemann, 'n bekende Bloemfonteinse mediese praktisyen was nie alleen eienaar van die Oranje-Apotheek nie maar ook huisarts, apteeker en Duitse konsul. Die apteek was dan ook gevestig in die Duitse konsulaat. Nadat dokters in 1928 deur die wet verbied is om apteke te besit, verkoop dr. Flockemann die apteek aan ene Taylor. Op sy beurt verkoop hy dit aan Ronnie Pannall en Oliver Winterburn. Toe Pannall later 'n nuwe Oranje-Apotheek open, bly Winterburn agter en verander die naam na die Winterburn-Apotheek.

In 1976 besluit mnr. Winterburn om af te tree en sy apteek te sluit. Die pragtige apteekmeubels, rakke en toonbanke was in die mark. Die eienaar van die winkel naas die apteek wat ook eienaar van die hele gebou is, wou dit moderniseer en was ook bereid om die venster rame en die keramiek vloertels te verkoop.

## DIE MUSEUM KOOP 'N APTEEK

Dit afgelope twee jaar reeds word daar in die Museum gewerk aan die uitbeelding van 'n tipiese straatoneel in 'n Vrystaatse dorp teen die eeuwende. Ons wou so graag ook 'n apteek in die straat he en hier was die geleentheid nou. Maar die prys? Na raming meer as R4 000-00 vir die aankoop, afbreek en heropbou en die Museum se begroting laat nie sulke uitgawes toe nie. Ander potensiele kopers het ook belanggestel. Dit was nou of nooit! Sal die Aptekersvereniging nie dalk help met hierdie projek nie? Ja, dit lyk of hulle belangstel. Ons knyp oë toe en ons koop en gelukkig stel die Aptekersvereniging regtig belang! In 'n jastrap is R2 750-00 onder die ledi in Bloemfontein en die Suid-Vrystaat-streek ingesamel. In ander streke gaan die insameling nog voort.

Die Nasionale Museum betuig graag hiermee sy hartlike dank aan die Vrystaat-tak van die Aptekersvereniging en al sy lede vir hul ondersteuning en mildelike bydrae. Was dit nie daarvoor nie kon die pragtige Oranje-Apotheek nie vir die nageslag behou gehly het nie.

Met verloop van jare het die Museum 'n klein versameling aptekersmateriaal bymekaar gehring. Onlangs is ook skenkings ontvang van materiaal van die Departement Farmasie uit Kaapstad, die Potchefstroomse Universiteit mnr. A. Sonnekus, J. Baur, R. Mackey en wyle R. Pannall van Bloemfontein, asook mnr. en mev. G. A. S. Flockemann van Durban. Graag bedank ons mnr. Oliver Winterburn vir die honderde items wat hy geskenk het. Ons dank ook byvoorbeeld al die nuwe goeie Aptekersvriende van die Museum wat nog materiaal gaan skenk. Daar is so baie items wat nog ontbreek! Onthou dit is u apteek. Help asseblief om dit met outentieke voorwerpe uit te bou tot die outydse apteek waarop ons almal met reg trots sal wees.

# Die Oranje Apotheek herleef



Die Oranje-Apotheek in die twintigerjare. Die uithangbord op die eerste verdieping is die van die Duitse konsulaat.



Dr. A. Flockemann, bekende mediese praktisyen, Duitse konsul in Bloemfontein en die eerste eienaar van die Oranje-Apotheek. Op 13 September 1911 het hy die eerste lugvaartpassasjer in die Vrystaat geword toe hy deur die Suid-Afrikaanse vlieënier John Weston te Bloemfontein in die lug geneem is (sien artikel elders in hierdie uitgawe).



FRIEND



VOLKSBLAD

Mnr. Alan Galgou, Voorster van die Vrystaat-tak van die Aptekersvereniging van S. A. oorhandig 'n tjeek verteenwoordigend van die bydrae deur die Bloemfonteinse en Suid-Vrystaatse Sireek van die Vereniging aan die Direkteur van die Museum, mnr. Hannes Oberholzer (regs). Mnr. E. Smii (tweede van regs), Voorster van die Vrystaat-tak van die Suid-Afrikaanse Kleinhandelaptekersvereniging en mnr. Andre Sonnekus (links), Vrystaatse lid van die Suid-Afrikaanse Aptekersraad kyk toe.

Mev. B. Pannall, eggenote van wyle mnr. Ronnie Pannall, in lewe 'n hoogaangeskrewe lid van die Aptekersvereniging het tydens die amptelike opening 'n gedenkplaat onthou ter nagedagtenis van haar man. Op hierdie rasbare wyse bring die Vereniging hulde aan wyle Ronnie Pannall en word sy naam gekoppel aan die ruim skenking deur lede van die Vereniging wat die bewaring vir die nageslag van die Oranje-Apotheek moontlik gemaak het.



J.O.P.

Mnr en mev G.A.S. Flockemann van Durban seun en skoondogter van wyle dr A Flockemann het ons gedurende Desember 1976 besoek ten einde mediese instrumente en aptekersware wat aan dr Flockemann, oorspronklike eienaar van die Oranje-Apotheek behoort het, aan die Museum te skenk. Regs op die foto verskyn mnr. Riaan Badenhorst, historikus van die Museum



J.O.P.

Mnr Piet van der Merwe restaurateur van die Afdeling Geskiedenis van die Nasionale Museum, onder wie se leiding en met hulp van verskeie ander personeelle uit die aangekoopte stukke 'n splinternuwe ou Oranje-Apotheek in die Museum tot stand gebring is. Die "haksteenmure" van die apteek is slegs sowat een sentimeter dik en is met sement en veselglas gegiet in panele. Op die foto van die voltooië apteek kan die mure gesien word nadat een vir een "baksteen" geverf is. Die totale gewig van die voltooië mure van die apteek is minder as wat die gewig van die sand en sement alleen sonder stene sal wees, indien dit van werklike stene gehou word.



FOTO LINKS: Die apteker in sy heiligdom

J.O.P.

FOTO LINKS ONDER: Meer as driehonderd-en-veftig gaste, die meeste van hulle afgevaardigdes na die jaarlikse konferensie van die Aptekersvereniging van S.A. het die openingsfunksie van die apteek op 11 Mei bygewoon. Die president van die Vereniging, mnr A.J. Malan, het die woord gevoer tydens die amptelike opening

J.O.P.

FOTO ONDER: 'n Binne-aansig van die apteek.

J.O.P.





Ten einde meer realisme aan die uitstallings te verleen, word daar in die apteek, sowel as in die ander "geboue" in die straatoneel mensfigure geplaas, aantrek in die kleredrag van die tyd. Die kunstenaars van die Museum werk die afgelope paar maande volstoom om vir hierdie doel lewensgetroue figure te vervaardig. Eerstens word gipsafdrukke van lewende modelle gemaak. Uit hierdie gipsafdrukke kom dan meertyd weer veselglaspositiese te voorskyn. Op die foto bo ontspan 'n model, René Woodley (wie se replika een van die twee kliënte in die apteek is) saam met kunstenaars Sep Roos, Johan Reyneke en Audrey van Eeden met 'n koppie tee ná so 'n gietessie.

J.O.P.



Waar sy toegesmeer is met gips, soos op foto regs, sal selfs gereelde besoekers aan die Museum nie sommer vir Cora Swart, die ontvangsdame/telefoniste, herken nie. Haar veselglasreplika sal eersdaags in die voorkamer van die tans nog onvoltooide dorpshuis in die oudtyse straatoneel pryk.



Die herboude Oranje-Apotheek in die Nasionale Museum.

J.O.P.



Aangesien dit onmoontlik is om 'n oudtyse staelplafon uit te raal en weer te gebruik, is die plafon van die apteek plaai vir plaai deur die kunsafdeling van die Museum in veselglas gereproduseer.

**VOORBLAD:**

Ontwerp deur Johan Reyneke  
Die embleem simboliseer die 100-jarige bestaan van die Nasionale Museum.

**COVER:**

Design by Johan Reyneke  
The emblem symbolises the centenary of the National Museum.

**FREE LUNCH HOUR FILM SHOW**

During the lunch hour on Wednesdays, from about 13h05, one or two films of general interest are screened in the auditorium. By special arrangement such films can also be shown to organised groups at other suitable times.